HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT
RUITERKUNS

Ruiterkuns, as skoolsport, het ontstaan na aanleiding van ‘n behoefte om die geleentheid vir ruiters te skep om op skolevlak en in skoolverband teen ander ruiters mee te ding en om erkenning vir deelname en prestasie, soos dit nog altyd die geval met “tradisionele skoolsportsoorte” was, te ontvang.

DOELWITTE

Die skool en ruiters word steeds deur veranderings van die puntestelsel, nuwe dissiplines en die samestelling van spanne op streeks- en nasionale vlak geraak. Nogtans beywer talle vrywilligers hulle vir die bevordering van dié skoolsportoort en is dit by uitstek ‘n aktiwiteit wat nie sonder die heelhartige betrokkenheid van die ouers moontlik is nie.

DEELNAME

Hoërskool Waterkloof is bevoorreg om 22 geregistreerde ruiters te hê. Die ruiters neem onder die vaandel van SANESA, wat erken word deur SAEF (South African Equestrian Federation), vir die skool deel. SAEF wy hulle aan die bevordering van alle aspekte van ruiterkuns toe.
Daar is huidiglik 15 dissiplines beskikbaar waarin ruiters kan deelneem en hulle skool met trots kan verteenwoordig.

KLOFIES PERDRY

NAVRAE

Ina Davies
Organiseerder: Ruitersport
ina.davies@klofies.co.za

KOSTES

Jaarlikse klubledegeld is betaalbaar.

OEFENTYE

Daar is nie skooloefeninge nie aangesien ruiters se perde by verskillende stalle is, maar geleenthede word geskep vir ruiters om dinge saam te doen om ‘n “behoort-gevoel” te skep.

SPESIALE VEREISTES

Ruiters sluit by klubs in hulle omgewing aan waar hulle ryskoolperde gebruik, iemand se perd huur, “halfstal” of hulle eie perde aanhou waarmee daar deelgeneem word. Korrekte ruitergedrag en die korrekte voorkoms van die ruiter en perd tydens kwalifiseerders, is ‘n vereiste.

#grensloos